

HENNIE WORD 90 JAAR

Oom Hennie Roets (Hendrik Adriaan Roets), is gebore op 11 September 1930. Hy het opgegroeï op die plaas Tottenham as die jongste van vyf kinders en het op Heilbron skool-gegaan. Oom Hennie se ma wou gehad het hy moes 'n predikant word, maar hy het besluit om die skool te verlaat in jaar elf om sy pa, wie net een arm gehad het, op die plaas te help. Hy het op sy eie

plaas begin boer toe hy met tannie Marietjie getroud is op 16 Februarie 1958. Hulle het twee kinders, Hennie en Elize.

Oom Hennie was nog altyd 'n baie aktiewe en gesiene lid van die Heilbron gemeenskap. Hy het rugby gespeel tot die ouderdom van 48 jaar oud en was kaptein van die Noord-Vrystaat span. Hy was vir baie jare 'n kerkraadslid van die Heilbron NG Moedergemeente.

50 GOUE JARE



Baie geluk met die groot mylpaal, mag daar nog baie, gelukkige jare wees. Dankie vir die mooi voorbeeld wat julle vir ons gestel het.
Liefde Hennie en Elize

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553.



Op die foto vl: Hennie en Marietjie Roets

TANNIE SOEKIE OORLEDE

Tannie Soekie van Graan, jarelange inwoner van Heilbron, is Donderdagmiddag 27 Augustus 2020 na 'n kort siekbed oorlede in die rype ouderdom van 100 jaar, 5 maande en 1 dag.

Tannie Soekie het in haar jonger dae in Vrede gebly, waar sy by De Swart Broers gewerk het. Sy het ook haar ouers versorg. Na hul dood het sy na Heilbron verhuis, waar sy by Kaalkop van der Merwe gewerk het tot die besigheid verkoop/gesluit is. Daarna het sy vir jare by Edgars gewerk waar sy dan as bestuurder afgetree het. Sy het na haar aftrede by Disa Materiaal gewerk. Sy was woonagtig in Kalli Woonstelle en vir 'n kort ruk in 'n privaat woonstel oorkant die polisiestatie, vandaar het sy verhuis na Woonstel no. 5 by Huis Bron-van-Heil, op 1 Desember 1992. Op 1 Oktober 2005 het sy na 'n enkelkamer binne in die tehuis getrek, waar sy tot en met haar afsterwe gebly het. Tannie Soekie was dus 28 jaar 'n inwoner by Huis Bron-van-Heil, sover bekend die inwoner wat die langste daar woonagtig was.

Tannie Soekie het op 26 Maart 2020, 100 jaar oud geword, 'n dag nadat die inperking begin het. Dit was vir haar kinders 'n baie groot teleurstelling toe hulle al die reëlings moes kanselleer om die baie spesiale dag saam met haar deur te bring.

Vir haar 100 jaar het sy nog redelike goeie gesondheid geniet. Sy het tot baie onlangs nog op en af in die gange geloop met

haar kerie en graag geselsies aangeknop. Tannie Soekie was 'n baie geliefde inwoner onder almal in die tehuis. Sy was elke dag dieselfde, wou altyd weet of sy nie kan help met iets nie. Sy was altyd tevrede en het nooit oor iets gekla nie. Tot baie onlangs was haar langtermyn geheue besonder goed. Sy sal onthou word as 'n sagte, vriendelike en vredeliewende inwoner.

Sy laat na twee eie kinders, seun Hennie en dogter Miemie. Vier kleinkinders, 10 agterkleinkinders en 6 agter-agterkleinkinders. *-Retha de Winnaar*



BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur:

Jy kan omdat jy kan - Ek weet nou U kan enige iets doen, en niemand kan U keer nie - Job 42:2. Jy kan vir die Here vra want Hy sal nie vir jou 'n verkeerde antwoord gee nie. Jy kan vir die Here wag want Sy tydsberekening is altyd perfek. Jy kan op die Here vertrou, want Hy maak nie foute nie. Jy kan op die Here hoop, want Hy hou jou toekoms in Sy hand. Jy kan in die Here rus, want Hy is in beheer van jou lewe. Jy kan op die Here steun, want Hy is heeltemal getrou. Hy kan nie verander nie, Hy is volmaak. *- Roy Lessin*

- Uit: "Lewende Lote" Ingestuur deur: H Howell

Maak tyd

Maak tyd om na Hom te gaan.
Maak tyd om in gebed voor Hom te staan.
Maak tyd om met Hom te praat.
Maak tyd om te luister na Sy raad.
Maak tyd vir die swakke in geloof.
Maak tyd om te vertel wat Sy Woord belooft.
Maak tyd vir hulle wat moeg en mat is.
Maak tyd in geloof om hande te vat.
Maak tyd om by Sy voete te leer.
Maak tyd om ander te lei na die Geopende Deur.
Maak tyd om Sy liefde na ander uit te dra.
Maak tyd vir dié wat na Hom vra.